

KINDERWERKKAART – Esegiël 1:5-8

God se vreemde wapentuig



OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Esegiël 1: 4 - 8** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Lê by jou kind vas dat God mense stuur om Sy werk te doen
- God het groot mag en Hy kan dit gebruik soos wat Hy goed dink
- Hy kan tens en bomme stuur om met geweld te doen wat Hy vra, of Hy kan mense stuur om in liefde te doen wat Hy vra
- Hy stuur 'n wapentuig (en gebruik mense soos 'n tenk) aarde toe, maar daar is nie bomme of koeëls in die tenk nie – daar is MENSE wat in liefde mekaar moet dien
 - Ons moenie mekaar met geweld en lelike woorde en slegte maniere hanteer nie
 - Ons moet God se liefde aan almal rondom ons wys
- Ons moet onself vra: Hoe kan God MY gebruik om ander te dien?
- Sing saam Lied 308 – “Neem my lewe, laat dit, Heer”

Lied 308 (vers 1 & 2)

Neem my lewe, laat dit, Heer

U gewy wees meer en meer.

Laat my hart gedurig juig

en in dankbaarheid getuig.

Neem my hande, maak hul sterk

diensbaar in U goeie werk.


Neem my voete, skoei hul Heer,

met bereidheid tot U eer.

Werkkaart vir peuters en kleuters (0-4 jaar)

Ons is deel van God se wapentuig as ons met liefde ander mense dien.

Kleur die prentjies in en knip die mense uit. Die met die hartjies, doen wat God vra en dien in liefde. Die kwaaitjies doen nie. **Plak die regtes in die wapentuig.**




Werkkaart vir kindertjies (4-9 jaar)

Ons wil almal deel wees van God se wapentuig van liefde. Watter benadering gaan jou by die voertuig laat uitkom?

LIEFDE



GEWELD





So gaan ek die wêreld 'n beter plek maak

- Ek kan rommel optel _____
- _____
- _____
- _____
- _____
- _____
- _____

